Hoërskool Parel Vallei

SELFOON- EN PERSOONLIKE ELEKTRONIESE TOERUSTING-BELEID

Die skoolbestuur het besef dat daar al meer onderbrekings gedurende die skooldag voorkom as gevolg van die gebruik van selfone en persoonlike elektroniese toerusting.

Die bestuurspan het besluit om die gebruik en in-besit-hê van selfone en enige vorm van persoonlike elektroniese toerusting, wat ‘n leerder en ander leerders rondom sodanige leerder se aandag kan aftrek, te verban.

Die volgende reëls sal geld:

1. Alle selfone en elektroniese toerusting moet afgeskakel word sodra die skoolterrein betree word.
2. Hierdie toerusting mag in die leerders se boektas of in die sluitkaste gebêre word.
3. Geen leerder mag van 07:40 tot die einde van die skooldag enige vorm van persoonlike elektroniese toerusting op sy of haar persoon hê nie.

Gevolge:

1. Indien sodanige toerusting gedurende die beperkingstyd gesien, gebruik of gehoor word, sal dit gekonfiskeer en by die skool gehou word vir ‘n tydperk van 30 kalenderdae.
2. Na verloop van die 30 kalenderdae moet die betrokke leerder ‘n boete van R100,00 by die finansiële kantoor betaal en sal dan met die toon van die kwitansie by die voorste kantoor, weer die betrokke toerusting in ontvangs kan neem.
3. Die ouers van die skuldige leerder sal in kennis gestel word van die oortreding en versoek word om te help om hierdie gedrag van hul kind te verander.
4. Indien ‘n leerder sal voortgaan om hierdie beleid te ignoreer, sal dit tot ‘n skoolbeheerliggaamverhoor lei.